24/8/05

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
# (Transvaalse Provinsiale Afdeling)

## ONRAPORTEERBAAR

Datums 19,22 en 24 Augustus 2005 Saaknommer 28721/05

In die saak tussen

CDM KRUGER EERSTE APPLIKANT

CWJ KRUGER TWEEDE APPLIKANT

en

ANNEMARIE LABUSCHAGNE NO EERSTE RESPONDENT

DIE MEESTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF TWEEDE RESPONDENT

BALJU GERMISTON SUID DERDE RESPONDENT

---

*Eviction from home after leave to appeal not granted by the Supreme Court of Appeal case of fraud not made out on a prima facie basis - interim interdict not granted.*

**Van Rooyen WnR**

[1] Die applikante doen op 'n dringende basis aansoek om die voorlopige opskorting van 'n uitsettingsbevel, wat op 1 September 2005 in werking tree. Die huis wat die applikante bewoon, vorm deel van die insolvente boedel van die eerste applikant. Vanweë die feit dat die uitsettingsbevel opgeskort was deur 'n hangende aansoek om verlof tot appèl na die Hoogste Hof van Appel, tree dit nou eers in werking. Intussen het die applikante in Desember 2004 'n aansoek aanhangig gemaak waarvolgens aansoek

gedoen is vir die tersydestelling van sommige bevele wat Jooste WnR en daaropvolgend De Villiers R in 1999 gemaak het rakende die insolvensieverklaring van die eerste applikant en daarmee verbandhoudende bevriesing van 'n bankrekening.Breedweg beskou was die basis van die aansoek dat die bevele deur bedrog verkry is. Die relevante saaknommers was 4196/99 (vir sover dit die tweede applikant, die eggenote van die eerste applikant, met wie die insolvent verklaarde eerste applikant buite gemeenskap van goed getroud is, betref) en saaknommer 26615/99. Die bevel in laasgenoemde saak het betrekking gehad op 'n inventaris wat die voorlopige trustee na bewering nie gemagtig was om op daardie stadium te maak nie. Die hof het beslis dat die opstel van so 'n inventaris op daardie stadium nie regstrydig was nie. Laasgenoemde aansoek is saam met saaknommer 18356/99 aangehoor. Dit het gegaan oor die bekragtiging van die sekwestrasiebevel teen die eerste applikant. Die Desember 2004-aansoek is deur RD Claassen R in Junie 2005 van die hand gewys op die basis dat die bewerings van bedrog nie bewys is nie en dat hy dus nie ingevolge Reël 42 vorige bevele ter syde kon stel nie. In die verband moet vermeld word dat die Hoogste Hof van Appel reeds op 27 Maart 2001 die aansoeke om verlof tot appel in saaknommers 18356/99, 4196/99 en 26615/99 van die hand gewys het. RD Claassen R het egter beslis dat dit nietemin nie onvanpas sou wees om die aansoeke, soos voormeld, aan te hoor nie: as bedrog bewys is, sou sodanige bevele ter syde gestel kon word.

[2] Die applikante het 'n aansoek om verlof tot appel teen die beslissing van RD Claassen R geloods. Hierdie aansoek is nog nie deur die geleerde regter aangehoor nie. Voor my is betoog dat hetsy verlof verleen word of nie, die Hoogste Hof van Appel eers die geleentheid gegun moet word om te beslis of die beslissing van RD Claassen R

geregverdig was. As laasgenoemde Hof sou beslis dat die betrokke bevele by wyse van bedrog verkry is, dan sou die uitsettingsbevel en die verkoop van die huis in eksekusie op hierdie stadium onreg in die hand werk: dit is onwaarskynlik dat die huis teen juiste markwaarde verkoop sal word en kopers sal buitendien gewaarsku moet word dat die koop onderhewig is aan 'n moontlike tersydestelling deur die Hoogste Hof. Die moontlikheid dat die huis nie verkoop sou word nie in die lig van sodanige omstandighede is groot en gepaardgaande skade sou dan waarskynlik wees. Indien die Hoogste Hof sou bevind dat daar wel bedrog aanwesig was, sou dit ook beteken dat die insolvensieverklaring van die eerste applikant sou verval - aldus die betoog.

*[3] Adv Marius Snyman* en, opvolgend, *adv Westley*, het betoog dat die maatstaf wat ek moet toepas gebaseer moet word op die gewone maatstaf wat geld in die geval van tydelike interdikte en dat ek alleen die bevel sou mag toestaan indien daar voldoen word aan die vereistes soos gestel in verskeie beslissings wat hieroor gaan. Dit is geykte reg dat die volgende vereistes vir die toestaan van 'n tydelike interdik geld: 'n *prima facie* reg, wat onderheig mag wees aan 'n mate van twyfel; 'n goed gefundeerde verwagting van onherstelbare skade indien die tydelike interdik nie toegestaan word nie en die uiteindelike regshulp wel toegestaan word; 'n balans van gerief ten gunste van die toestaan van die tydelike regshulp; en die afwesigheid van 'n ander bevredigende remedie. [1]Hierdie maatstaf stel veel strenger vereistes as wat RD Claassen R sou moes

[1] *Setlogelo* v *Setlogelo* 1914 AD 221 at 227; *Knox D 'Arcey Ltd and Others* v *Jamieson and Others* 1996 (4) SA 348 (A) op 372 D - *I;Hix Networking Technologies* v *System Publishers (Pty) Ltd* 1997 (1) SA 391 (A) op 398I - 399E .

toepas, aldus adv *Snyman*, waar die geleerde regter sal moet oorweeg of 'n ander hof tot 'n ander beslissing kan kom. Ek stem met die betoog saam.

[4] Die argument van mm Kruger, [2]bygestaan deur mev Kruger, is dat geregtigheid op die ou end moet seëvier en dat die uitsetting en verkoop van die huis onherstelbare skade vir hom en sy vrou, die tweede applikant, sal hê. Die applikant het verkies om die aansoek voor RD Claassen R by wyse van mosie aanhangig te maak. Die aantygings van bedrog ensovoorts kan na my mening alleen moontlik bewys word indien getuienis gelei word. Dit is wel waar dat daar *ex parte* stellings van beide kante gemaak is, maar dit neem die saak nie verder nie. Dit is nou te laat om sodanige getuienis te lei en dis onwaarskynlik dat enige aansoek om sodanige getuienis te lei nog toegestaan sou kon word. Nietemin ontstaan die vraag ook of dit toelaatbaar is om hierdie saak drupsgewys te voer: die Hoogste Hof het dan ook meer as een maal beslis dat aangeleenthede nie drupsgewys voor die Hof gebring moet word nie. 'n Applikant moet sy geleentheid benut en nie later terugkom met nog punte nie.[3] Die applikante het die volle geleentheid gehad om hul saak voor verskeie regters te voer. Al die regters het teen hulle beslis. Die uitspraak van Swart R, waarin die uitsettingsbevel gemotiveer word, is oortuigend gemotiveer. Die feit dat die Hoogste Hof ook verlof tot appel geweier het in sake 4196/99 en 26615/99 is ook aanduidend daarvan dat die sake waaroor die applikante hulle bekla, reeds deur die President van daardie Hof, volgens die bestaande prosedure, oorweeg is. Die getuienis wat op die stukke gelewer is, is net nie oortuigend genoeg om die

---

[2] Ek het mnr Kruger toegelaat om die aansoek aanhangig te maak ten spyte van die feit dat hy ‘n ongerehabiliteerde insolvent is. Geregtigheid vereis dat iemand in sy posisie ‘n regsmiddel moet kan hê teen die kurator van sy boedel, in die lig van art 38 van die Grondwet van die RSA.

[3] Vgl *Pharmaceutical Society of SA and Others* v *Tshabalala-Msimang and Another NNO; New Clicks South Africa (Pty) Ltd* v *Minister of Health* 2005(3) SA 238(SCA) para [15] en [16] per Harms AR; vgl ook S v *Malinde* 1990(1) SA 57(A) at 67F-G.

aangeleentheid in die guns van die applikante te swaai nie. Die blote feit dat van hulle stellings nie beantwoord is deur die opponente nie, is nie afdoende om die saak in hulle guns te beslis nie. Hulle dra die bewyslas en blote bewerings en irrelevante foute wat uitgewys is, beklink nie die saak in hulle guns nie. Ek is dus van mening dat die applikante nie daarin geslaag het om 'n *prima facie* saak uit te maak nie. Daar is nie eens sprake van 'n mate van twyfel by my nie: alles dui daarop dat die uitsettingsbevel sy gewone loop moet neem. Die applikante weet reeds vir meer as 'n jaar van die moontlike uitsetting na die uitspraak van Swart R op 13 Junie 2004 en dit is nie onbillik om te verwag dat hul1e voor 1 September 2005 ( soos ek die bevel uitlê) die huis moet verlaat me.

[5] **Die aansoek word van die hand gewys met koste. Ter opheldering word beveel dat die uitsetting nie voor 1 September 2005 mag plaasvind nie.**

JCW van Rooyen.: ......................................
Waamemende Regtr van die Hooggeregshof

Die eerste applikant het persoonlik verskyn, bygestaan deur sy eggenote.

Advv Marius Snyman en Westley vir die Respondente .